View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Directory of Open Access Journals

# Boekbespreking

INSTITUUT VIR REFORMATORIESE STUDIE. Versamelwerke Nommer 15, 1982. *Navolging van Christus vandag. Deel 1.*

419 bladsye. (Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO. Reeks F 3).

Die Instituut vir die Bevordering van Calvinisme (IBC), wat tans bekend staan as die Instituut vir Reformatoriese Studie (IRS), het hierdie publikasie in 1982 die lig laat sien. Teoloë en kundiges uit baie ander vakgebiede het op verskillende terreine bydraes gelewer. Die bydraes is gelewer in die gees van die oorspronklike doelstellings van die IBC: "Om die wetenskaplike bestudering van die Calvinisme self en van allerlei verbandhoudende vraagstukke in 'n Calvinistiese gees te inisieer, te stimuleer en te koördineer. Verder was dit die oogmerk om te dien as 'n geestelike kragsentrale van waaruit die lig van die Calvinistiese gedagte helder sou skyn langs die weg van onder andere publikasies van wetenskaplike en populêr-wetenskaplike aard en van simposiums".

Die publikasie is gewy aan uiters aktuele temas. Aan die hand van vyf hooftemas word 'n groot aantal temas, wat relevant is met betrekking tot die hooftema, behandel. Die volgende hooftemas is ter sprake: Die Calvinisme – die enigste aanvaarbare "isme"; Die Huweliks- en Gesinslewe – Hartaar van 'n volk; Weerbaar vir my land; Onder aanslag van vreemde ideologieë en Ons Daaglikse werk en roeping. Die bydraes is in die meeste gevalle gelewer deur gesaghebbende teoloë uit die drie susterkerke en bekende opvoedkundiges van feitlik al die universiteite van die land.

Hierdie publikasie kan omskryf word met die begrippe: teologies, dogmaties, krities en aktueel. Dit is teologies omdat die vertrekpunt van feitlik elke tema die Bybel is. 'n Sterk teologiese onderbou word eers gegee voordat die tema deurgetrek word na die praktyk. Dit is dogmaties omdat die gegewens van die kerk se belydenisskrifte deurgaans in die diskussie betrek is. Veral die standpunte van die reformatore is deur die meeste skrywers goed benut.

Dit is aktueel omdat die meeste artikels die probleme aansny soos dit in die praktyk na vore kom. Die temas is ook so gekies dat dit aktuele sake is wat telkens onder die vergrootglas geplaas word.

Uit die aard van die saak is dit vanweë die wye omvang onmoontlik om kritiek te lewer op al die verskillende skrywers se artikels. Andersyds sou dit getuig van baie sterk persoonlike voorkeure indien slegs een of twee skrywers se artikels uitgelig word om te dien

as voorwerp van kritiek. Inhoudelik kan daarom slegs volstaan word met enkele algemene kritiese opmerkings:

Naas die positiewe ook enkele negatiewe punte van kritiek. In sommige artikels word daar te reglynig strepe getrek van die Ou Testament na die Nuwe Testament. Dit vind in so 'n mate plaas dat die vraag onstaan of die Ou Testament dan nie in sigself 'n selfstandige boodskap het nie. Sommige skrywers kon nie daarin slaag om tekste in hulle verbande te hanteer nie. Tekste is uit die konteks gehaal en gehanteer as selfstandige groothede. Die hele saak van sogenaamde "Christelike wetenskapbeoefening" is deur sommige van die skrywers myns insiens te ver gevoer. Die gedagte dat ons op alle vrae in die Bybel 'n antwoord kry, is soms te swaar op geleun.

Nieteenstaande die enkele punte van kritiek is hierdie 'n publikasie wat 'n wye leserskring behoort te hê. Behalwe teoloë behoort ons gewone lidmate ook van hierdie boek met sy breë verskeidenheid van aktuele onderwerpe, kennis te neem.

**MJ du P Beukes**

KEMPFF, D 1983. *Christianity and scholarship 1900–1977.*

289 bladsye. Prys R10,00. (Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO).

Dr D Kempff is in akademiese kringe as bibliograaf geen onbekende nie. Sy uitnemende Calvyn-bibliografie, wat 'n paar jaar gelede verskyn het, het getuig van die deeglikheid waarmee hy werk.

Met hierdie bibliografie word 'n wyer terrein betree en in sy inleiding sê die skrywer: "This Bibliography has cast the net very wide indeed and therefore includes titles of a widely divergent nature as regards approach – but it still has one common denominator: and effort to approach a particular matter from the point of view of a Christian belief."

Die boek wat die periode 1900–1977 omvat (moet ons daaruit aflei dat 'n volgende werk van 1977–1983 of later, in voorbereiding is?) is in 26 hoofstukke verdeel. Elke hoofstuk omvat 'n bepaalde terrein van die wetenskap. Vir sommige terreine is meer as een hoofstuk afgestaan vanweë die omvang van die materiaal en die noodsaaklikheid om onder te verdeel.

Die verskillende hoofstukke begin by Estetiek, Kuns, Literatuur en gaan vandaar verder na Kommunikasie, Kommunisme-Sosialisme, Kultuur, Ekologie, Ekonomie, Geskiedenis, Arbeid, Regte, Mediese Wetenskap, Natuurwetenskappe, Pedagogiek, Filosofie, Liggaamlike Opvoeding, Politiek-Staatkunde, Sielkunde, Maatskap-

like Aangeleenthede, waaronder nasionalisme en die rasse-vraagstuk val, en dit sluit af met Tegnologie. Aangesien die inhoudsopgawe in Engels is, is die volgorde van die hoofstukke soos hierbo aangegee, hoewel dit nie in Afrikaans alfabeties so presies klop nie.

Soos verstaan kan word, word 'n magdom bibliografiese gegewens hier beskikbaar gestel. Dit sal 'n uiters waardevolle werk vir elkeen wees wat op die verskillende vakgebiede beweeg. 'n Mens kan die skrywer-opsteller net dankbaar wees dat hy die vrugte van sy arbeid op hierdie wyse aan almal beskikbaar gestel het.

**AD Pont**

SEVENSTER, JN 1980. *Bijbel en bewapening.*

182 bladsye. 's Gravenhage: Boekencentrum B.V.

Die boek is uitsonderlik in die sin dat dit 'n skets gee van die hele ontwikkelingsgang van prof Sevenster se denke oor die etiese vrae rondom vrede en oorlog – 'n ontwikkeling wat strek tot op die rype ouderdom van tagtig jaar. Dit is nie duidelik of hy bewustelik 'n beeld wou gee van die ontwikkeling van sy denke oor die saak nie en of dit onbewustelik na vore kom nie, maar hoe dit ook al sy, in hierdie opsig is dit wel 'n uitsonderlike boek. Dit gebeur baie min dat iemand self die voorreg het om oor die hele span van 'n normale menslike lewensverwagting die ontwikkeling van sy gedagtes oor 'n spesifieke saak weer te gee. Dit is iets wat gewoonlik na 'n mens se oorlye deur ander gedoen word.

Ons het hier te doen met iemand wat groot geword het met die oortuiging van nie-gewelddadige verset (of geweldlose weerbaarheid, soos hy dit noem – dit was alreeds sy vader se oortuiging) as die enigste antwoord waar ons met die moontlikheid van oorlog gekonfronteer word. Hierdie oortuiging van hom het veral sy beslag gekry deur die belewing wat hy as kind gehad het van die omstandighede waarin die Eerste Wêreldoorlog gevoer is. Hy het by die oortuiging bly staan tot met die Tweede Wêreldoorlog wat in heeltemal ander omstandighede uitgebreek het en onder heel ander omstandighede gevoer is as die Eerste Wêreldoorlog. Die ongelooflike wreedheid en genadeloosheid van Hitler se optrede, geïnspireer deur Hitler se onchristelike nasionaal-sosialistiese filosofie, het hom tot die oortuiging gebring dat geweld soms in diens kan staan van geregtigheid en dat geweldloosheid (d.i. passifisme) soms die weë van die liefde na die samelewing toe kan blokkeer (bl. 130). Die Tweede Wêreldoorlog het hom oortuig dat daar omstandighede is

waarin dit nie net geregverdig is nie, maar ook 'n mens se plig is om oorlog te voer teen 'n aggressor.

Na sy mening het die kerntydperk waarin ons nou leef die situasie sedert die Tweede Wêreldoorlog weer grondig verander. Hy kom aan die einde van sy boek met skrikwekkende syfers oor die gevolge van 'n kernoorlog. Hy gee dan ook die huidige debat soos dit in Europa deur pro- en contra-kernbewapeningsgroepe gevoer word, deeglik weer. Hy gee interessante gegewens oor onder andere die sogenaamde magsewewig, verspreiding van kernwapens, ontwapeningsamesprekings en -verdrae, die wapenindustrie se rol ensovoorts. Hy laat duidelik blyk dat sy simpatie lê by die groep wat teen kernbewapening is. Hy kom tot die oortuiging dat die verwoestende moontlikheid van 'n kernoorlog 'n mens net een keuse laat en dit is om jou te beywer vir 'n weldeurdagte eensydige kernontwapening met al die risiko's daaraan verbonde. Uit wat ons tot dusver gesê het blyk dat die skrywer wel deeglik aanvaar dat die situasie 'n mens se mening van wat die eties-korrekte optrede is, in die saak van oorlog en vrede bepaal. Hy kom so daarby uit: in die eerste gedeelte van die boek toon hy aan hoe gekompliseerd 'n beroep op die Bybel in die etiek is en hoe ons gebruik van die Bybel bepaal word deur die vraag van wat ons presies bedoel as ons die Bybel God se Woord noem. Hier gaan hy dan in op allerlei probleme rondom Skrifgesag en Skrifgebruik.

Hy toon ook verder aan hoe die hele saak van voorbereiding vir oorlog, oorlogvoering en deelname aan oorlog nie in die Bybel as direkte etiese probleme voorkom nie. Hy is van oortuiging dat as ons wel 'n etiese uitspraak oor die saak wil maak, moet ons uitgaan van die gedagte van geloof as 'n handeling. Dat daar 'n hegte band tussen geloof en handeling is beklemtoon hy so sterk dat dit selfs lyk asof hy baie simpatie het met 'n stelling soos die volgende wat hy aanhaal: geloof is om tot 'n praxis te kom, en om tot 'n praxis te kom is geloof. Die geloof het dus nie altyd die voorrang nie, maar sê hy, geloof en handeling is so vervleg dat daar nie eintlik sprake is van 'n vaste volgorde nie, maar van 'n wederkerigheid waar die grens nie absoluut getrek kan word nie (bl. 70—72).

In die lig hiervan, sê hy, sal ons, wanneer ons wat 'n sekere etiese tema betref, na die Bybel gaan om ons gelowige denke oor die saak en die handeling wat daarmee saamgaan, rigting te gee, en dan tot die ontdekking kom dat 'n direkte beroep op die Bybel nie moontlik is nie. Dan sal ons die gegewens wat wel voorhande is moet "vertaal" vir ons tyd. In die "vertaling" moet ons ons laat lei deur belangrike Bybelse temas. Hy wil hom dan laat lei deur die tema van "geregtigheid" wat oral in die Ou Testament sentraal staan en die tema van "liefde" wat in die Nuwe Testament 'n sentrale plek inneem. Ons etiese optrede in die hele saak van oorlog en vrede word

dus bepaal deur hoe ons aan die een kant die geregtigheid dien en hoe ons aan die ander kant die liefde dien. Dit is vanuit dié siening dat hy op bladsy 103 tot die baie mooi gebalanseerde uitspraak kom: "Ek wilde laten zien dat gerechtigheid en liefde tekort komen, als de scheidingslijn scherp en uitsluitend getrokken word tussen geweld en geweldloosheid. Geweld kan in dienst staan van gerechtigheid, geweldloosheid kan de wegen van de liefde naar de sameleving blokkeren."

Vanuit die siening moet die situasie 'n belangrike rol speel want die situasie van waaruit 'n mens 'n spesifieke oorlog of moontlike dreigende oorlog benader, sal bepaal of geregtigheid en liefde gedien word of nie.

Hierdie boek lewer 'n bydrae oor 'n saak waaroor elke Christen 'n standpunt moet inneem, want dit is 'n saak van wêreldbelang. Die boek lewer 'n verhelderende bydrae en kan beslis aanbeveel word. Dit stimuleer 'n mens om self standpunt in te neem oor die sake.

Daar is egter veral twee neigings van die skrywer wat afbreuk doen aan die boek. Die eerste is 'n neiging tot 'n omhaal van woorde en om plek-plek 'n indruk van langdradigheid te gee. Die tweede is dat die skrywer soms neig om sy gedagte ietwat ongeorden weer te gee, en dit maak dit soms moeilik om sy eie standpunt oor 'n spesifieke saak te peil.

In sy geheel gesien is dit geen grootse teologiese werk nie, maar tog bevredigend.

**DJ Smith**

## NEOTESTAMENTICA BEKENDSTELLING

***Neotestamentica*** bevat die referate wat jaarliks tydens die Algemene Vergadering van die Nuwe-Testamentiese Werkgemeenskap gelewer word. Met uitsondering van nommers 2 en 3 is al die vorige uitgawes (1–16) verkrygbaar van:

Die Medesekretaris: publikasies
Dr Pieter de Villiers
Departement Bybelkunde
Universiteit van Stellenbosch
STELLENBOSCH
7600 REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## NEOTESTAMENTICA 1

THE SERMON ON THE MOUNT – ESSAYS ON MATTHEW 5–7
(Verrigtinge van die 1967-vergadering)

## INHOUD

JH Roberts – The sermon on the mount and the idea of liberty ........ 9–15
IJ du Plessis – The ethics of marriage according to Mt 5:27–32 ........ 16–27
PJ du Plessis – Love and perfection in Mt 5:43 ........ 28–34
JP Louw – ***Dikaiosúnē*** in the sermon on the mount ........ 35–41
FJ Botha – Recent research on the Lord's prayer ........ 42–50
FC Fensham – The good and evil eye in the sermon on the mount ........ 51–58
EP Groenewald – God and Mammon ........ 59–65
AB du Toit – The self-revelation of Jesus in Mt 5–7 ........ 66–72
SPJJ van Rensburg – Sanctification according to the New Testament ........ 73–87

**PRYS: R6,00**

---

**NEOTESTAMENTICA 2 (UITVERKOOP)**

THE CHRIST OF JOHN
Verrigtinge van die 1968-vergadering)

---

**NEOTESTAMENTICA 3 (UITVERKOOP)**

DIE PNEUMA BY PAULUS
(Verrigtinge van die 1969-vergadering)

---

**NEOTESTAMENTICA 4**

ASPEKTE VAN DIE NUWE-TESTAMENTIESE HERMENEUTIEK
(met opsommings in Engels)
(Verrigtinge van die 1970-vergadering)

## INHOUD

JP Louw– Linguistics and hermeneutics ........ 8–18
BC Lategan – Hermeneutiek en geskiedenis ........ 19–40
Jac J Müller – Geestesbesit as hermeneutiese prinsiep ........ 41–51
C van der Waal – Die hermeneuse van die "apokalipties"-profetiese gedeeltes van die Nuwe Testament ........ 52–79
HLN Joubert – Ontmitologisering as hermeneutiese moontlikheid ........ 80–93

F Floor – Calvyn se hermeneutiek in vergelyking met Ebeling en Fuchs ........ 94–107
JC Coetzee – Die betekenis van kruis en opstanding by Rudolf Bultmann ........ 108–131
IJ du Plessis – Die aard en betekenis van die eskatologie in die eksistensieteologie van Bultmann en sy navolgers.... 132–149

**PRYS: R7,00**

---

**NEOTESTAMENTICA 5**

***AD HEBRAEOS*** – ESSAYS ON THE EPISTLE TO THE HEBREWS
(Verrigtinge van die 1971-vergadering)

**INHOUD**

FC Fensham – Hebrews and Qumran ........ 9–21
HJB Combrink – Some thoughts on the Old Testament citations in the epistle to the Hebrews ........ 22–36
EAC Pretorius – ***Diathēkē*** in the epistle to the Hebrews 37–50
WS Vorster – The meaning of ***parrēsía*** in the epistle to the Hebrews ........ 51–59
HA Lombard – ***Kātapausis*** in the letter to the Hebrews ...... 60–71
L Floor – The general priesthood of believers in the epistle to the Hebrews ........ 72–81
C van der Waal – The "people of God" in the epistle to the Hebrews ........ 83–92

**PRYS: R6,00**

---

**NEOTESTAMENTICA 6**

ESSAYS ON THE JEWISH BACKGROUND OF THE FOURTH GOSPEL
(Verrigtinge van die 1972-vergadering)

**INHOUD**

W Nicol – The history of Johannine research during the past century ........ 8–18
WS Vorster – The gospel of John as language ........ 19–27
C van der Waal – The gospel according to John and the Old Testament ........ 28–47
JC Coetzee – Life (eternal life) in St John's writings and Qumran scrolls ........ 48–66

FC Fensham – Love in the writings of Qumran and John .... 67–77

**PRYS: R6,00**

---

## NEOTESTAMENTICA 7

ESSAYS ON THE GOSPEL OF LUKE AND ACTS
(Verrigtinge van die 1973-vergadering)

### INHOUD

WC van Unnik – Once more St Luke's prologue .................. 7–26
HJB Combrink – The structure and significance of Lk 4:16–30 .................. 27–48
C van der Waal – The temple in the gospel according to Luke .................. 49–60
W Nicol – Tradition and redaction in Lk 21 .................. 61–72
JH Roberts – ***Ekklēsía*** in Acts – linguistic and theology: a venture in methodology .................. 73–94
BC Lategan – Tradition and interpretation – two methodological remarks .................. 95–103

**PRYS: R7,00**

---

## NEOTESTAMENTICA 8

LINGUISTICS AND BIBLE TRANSLATING
(Verrigtinge van die 1974-vergadering)

### INHOUD

JH Roberts – Dynamic equivalence in Bible translation 7–20
WS Vorster – Concerning semantics, grammatical analysis, and Bible translation .................. 21–42
GMM Pelser – A translation problem – Heb 10:19–25 .................. 43–53
AB du Toit – The significance of discourse analysis for New Testament interpretation and translation .................. 54–79
JP Louw – Dictions and transformations in the art of translation .................. 80–94

**PRYS: R7,00**

---

## NEOTESTAMENTICA 9

ESSAYS ON THE GENERAL EPISTLES OF THE NEW TESTAMENT
(Verrigtinge van die 1975-vergadering)

INHOUD


W Nicol – Faith and works in the letter of James .................. 7–24
AS Geyser – The letter of James and the social condition of his addressees .................. 25–33
HJB Combrink – The structure of 1 Pt .................. 34–63
JL de Villiers – Joy in suffering in 1 Pt .................. 64–86
WS Vorster – Heterodoxy in 1 Jn .................. 87–97
JP Louw – Verbal aspect in the first letter of John .................. 98–104
J du Preez – "Sperma autou" in Jn 3:9 .................. 105–112
IH Eybers – Aspects of the background of the letter of Jude 113–123


**PRYS: R7,00**

---

## NEOTESTAMENTICA 10

MINISTRY IN THE PAULINE LETTERS
(Verrigtinge van die 1976-vergadering)

INHOUD


JH Roberts – Can church offices be founded in Paul? .......... 1–19
IJ du Plessis – The rule of Christ and the rule in the church 20–30
HA Lombard – Charisma and church office .................. 31–52
FS Malan – The relationship between apostolate and office in the theology of Paul .................. 53–68
JL de Villiers – Indications of church rule or government in Pauline parenetic material .................. 69–80
L Floor – Church order in the pastoral epistles .................. 81–91
GMM Pelser – Women and ecclesiastical ministires in Paul 92–109
CJ Botha – The offices in the early church history .................. 110–123


**PRYS: R7,00**

---

## NEOTESTAMENTICA 11

THE STRUCTURE OF MT 1–13 AN EXPLORATION INTO DISCOURSE ANALYSIS
(Verrigtinge van die 1977-vergadering)

## INHOUD

PPA Kotzé – The structure of Mt 1 ........ 1–9
MAV van der Merwe – The form and message of Mt 2, based on a structural analysis ........ 10–18
AH Snyman – Analysis of Mt 3:1–4: 22 ........ 19–31
AB du Toit – Analysis of the structure of Mt 4:23–5:48 ........ 32–47
PJ Maartens – The cola structure of Mt 6 ........ 48–76
W Nicol – The structure of Mt 7 ........ 77–90
JP Louw – The structure of Mt 8:1–9:35 ........ 91–97
HJB Combrink – Structural analysis of Mt 9:35–11:1 ........ 98–114
BC Lategan – Structural interrelations in Mt 11–12 ........ 115–129
WS Vorster – The structure of Mt 13 ........ 130–138

ADDENDUM: DISCOURSE ANALYSIS OF THE GREEK TEXT OF MT 1–13

**PRYS: R7,00**

---

## NEOTESTAMENTICA 12

ESSAYS ON JEWISH AND CHRISTIAN APOCALYPTIC
(Verrigtinge van die 1978-vergadering)

AS Geyser – Jesus, the twelve and the twelve tribes in Matthew ........ 1–19
HA Lombard – The character, epoch (period), origins (motives) and methods of Jewish apocalyptic ........ 20–40
JH le Roux – The "last days" in apocalyptic perspective ........ 41–74
PGR de Villiers – The Messiah and messiahs in Jewish Apocalyptic ........ 75–110
C van der Waal – The last book of the Bible and the Jewish apocalypses ........ 111–132
SW Theron – Motivation of paraenesis in The Testament of the Twelve Partriarchs ........ 133–150

**PRYS: R7,00**

---

## NEOTESTAMENTICA 13

STUDIES IN THE JOHANNINE LETTERS
(Verrigtinge van die 1979-vergadering)

## INHOUD

JA du Rand – A discourse analysis of 1 Jn ........ 1–42

JC Coetzee – The Holy Spirit in 1 Jn .................................... 43–67
PPA Kotzé – The meaning of 1 Jn 3:9 with reference to 1 Jn 1:8 and 10 .................................... 68–83
BA du Toit – The role and meaning of statements of 'certainty' in the structural composition of 1 Jn .................... 84–100
JA du Rand – Structure and message of 2 Jn ........................ 101–120
JA du Rand – The structure of 3 Jn.................................... 121–131

PRYS: R7,00

---

## NEOTESTAMENTICA 14

THE RELATIONSHIP BETWEEN THE OLD AND NEW TESTAMENT
(Verrigtinge van die 1980-vergadering)

### INHOUD

C van der Waal – The continuity betwen the Old and New Testaments.................................................................. 1–20
SJPK Riekert – Critical research and the one Christian canon comprising two Testaments ................................ 21–41
IJ du Plessis – The relation between the Old and New Testaments from the perspective of kingship/kingdom – including the Messianic motif...................................... 42–61
WS Vorster – The function of the use of the Old Testament in Mark ................................................................... 62–72
UP McCaffrey – Psalm quotations in the passion narratives of the Gospels ................................................... 73–89
JN Suggit – Nicodemus – the true Jew ............................... 90–110
PB Decock – The understanding of Is 53:7–8 in Ac 8:32–33 ......................................................................... 111–123
FS Malan – The use of the Old Testament in 1 Cor .............. 134–170

PRYS: R7,00

---

## NEOTESTAMENTICA 15

SALVATION BY FAITH. ASPECTS OF PAULINE SOTERIOLOGY IN ROMANS
(Verrigtinge van die 1981-vergadering)

### INHOUD

H Boers – The problem of Jews and gentiles in the macro-structure of Romans ...................................................... 1–11

JH Roberts – Righteousness in Romans with special reference to Rm 3:19–31 .......... 12–33
NSL Fryer – Reconciliation in Paul's epistle to the Romans 34–68
HA Lombard – The Adam-Christ 'typology' in Rm 5:12–21 .......... 69–100
GMM Pelser – The objective reality of the renewal of life in Rm 6:1–11 .......... 101–117
FS Malan – Bound to do right .......... 118–138
JJJ van Rensburg – The children of God in Rm 8 .......... 139–179
WC Coetzer – The Holy Spirit and the eschatological view in Rm 8 .......... 180–198
JL de Villiers – The salvation of Israel according to Rm 9–11 .......... 199 vv.

**PRYS: R7,00**

---

**NEOTESTAMENTICA 16**

STRUCTURE AND MEANING IN MATTHEW 14–28
(Verrigtinge van die 1982-vergadering)

## INHOUD

HJB Combrink – The macrostructure of the Gospel of Matthew .......... 1–20
AG van Aarde – Matthew's portrayal of the disciples and the structure of Mt 13:53–17:27 .......... 21–34
HC van Zyl – Structural analysis of Mt 18 .......... 35–55
PGR de Villiers – Configuration and plot in Mt 19–22. Aspects of the narrative character of the Gospel of Matthew .......... 56–73
BC Lategan – Structure and reference in Mt 23 .......... 74–87
PJ Maartens – The structuring principles in Mt 24 and 25 and the interpretation of the text .......... 88–117
SJPK Riekert – The narrative coherence in Mt 26–8 .......... 118–136
Bibliography .......... 137–150
ADDENDUM: DISCOURSE ANALYSIS OF THE GREEN TEXT OF MATTHEW .......... 14–28

**PRYS: R7,00**

---